

Leesspoedteks vir leerder

Graad 1

Teks 1:

Kom vlieg 'n vlieër

Sampie het 'n nuwe vlieër. Die vlieër is rooi. Dit is 'n goeie vlieër om te vlieg.

Die wind is net reg. Sampie hou die vlieër vas. Hy gee die vlieër se tou bietjie vir bietjie skiet. Die vlieër styg bietjie vir bietjie op in die wind.

Sampie hardloop, en die vlieër seil deur die lug. Hy vlieg soos 'n voël. Die wind waai en laat hom vlieg. Die vlieër het 'n lang stert.

Ons hou almal daarvan om vlieërs wat in die wind vlieg, dop te hou.

Teks 2:

Sag en hard

Whitney se kussing is sag. Haar kombers is ook sag. Die bed voel sponserig onder haar vingers.

“Is al die goed in my kamer sag?” wonder sy.

Sy sit regop. Sy hou haar beertjie vas. Sy naam is Wollie Beer.
Haar vingers voel aan sy pels.

“Jy's baie sag, Wollie Beer,” sê sy.

Wollie Beer se oë is swart en blink. Tik, tik. Whitney tik met haar naels op sy oë.

“Jy is meestal sag. Maar jou oë is hard.”

Sy gee Wollie Beer 'n drukkies. Sy harde neus raak aan haar wang.

Whitney staan op. Haar kaalvoete raak aan die vloer. Dit is koud en hard.

Sy trek haar pantoffels aan. Hulle is wollerig en sag.

Op die harde vloer is 'n mat. Whitney buig af en vat daaraan. Die groen mat voel sag.

Sy loop venster toe. Die glas is so koud soos ys.

Mooi groen gordyne hang voor die venster. Hulle voel sag in haar hand.

Whitney sê vir Wollie Beer: “My slaapkamer is nes jy. Party goed daarin is sag en ander goed is hard.”

Kontroleteks

Graad 1

Teks 1:

Kom vlieg 'n vlieër

Sampie het 'n nuwe vlieër. Die vlieër is rooi. Dit is 'n goeie vlieër om te vlieg. - 17

Die wind is net reg. Sampie hou die vlieër vas. Hy gee die vlieër se tou bietjie vir bietjie skiet. Die vlieër styg bietjie vir bietjie op in die wind. - 47

Sampie hardloop, en die vlieër seil deur die lug. Hy vlieg soos 'n voël. Die wind waai en laat hom vlieg. Die vlieër het 'n lang stert. - 78

Ons hou almal daarvan om vlieërs wat in die wind vlieg, dop te hou. - 94

Teks 2:

Sag en hard

Whitney se kussing is sag. Haar kombers is ook sag. Die bed voel sponserig onder haar vingers.

“Is al die goed in my kamer sag?” wonder sy. - 27

Sy sit regop. Sy hou haar beertjie vas. Sy naam is Wollie Beer.
Haar vingers voel aan sy pels. - 48

“Jy's baie sag, Wollie Beer,” sê sy. - 55

Wollie Beer se oë is swart en blink. Tik, tik. Whitney tik met haar naels op sy oë.

“Jy is meestal sag. Maar jou oë is hard.” - 84

Sy gee Wollie Beer 'n drukkie. Sy harde neus raak aan haar wang. - 99

Whitney staan op. Haar kaalvoete raak aan die vloer. Dit is koud en hard. - 115

Sy trek haar pantoffels aan. Hulle is wollerig en sag. - 127

Op die harde vloer is 'n mat. Whitney buig af en vat daaraan. Die groen mat voel sag. - 147

Sy loop venster toe. Die glas is so koud soos ys. - 160

Mooi groen gordyne hang voor die venster. Hulle voel sag in haar hand. - 177

Whitney sê vir Wollie Beer: “My slaapkamer is nes jy. Party goed daarin is sag en ander goed is hard.” - 199

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld voorbeelde woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.